

## Begrip

### Die Eikeboom en die Riet

J de la Fontaine

Eendag sê die eikeboom vir die riet: “Jy moet seker baie ongelukkig wees. Selfs nie eers ‘n klein ou voëltjie kan op jou gaan sit sonder dat jy knak nie. Die kleinste ou windjie wat golfies op die water maak, laat jou kop buig. Kyk na my! Ek is groot soos ‘n berg. Die son kan glad nie deur my takke skyn nie. Ek is nie eers bang vir ‘n storm nie. Vir jou is elke ou luggie wat ek nie eers voel nie, soos ‘n stormwind.

As jy nou net onder my digte blare kon groei, sou ek jou teen die storms beskerm het en dan sou jy nie swaargekry het nie. Maar nou moet riete in die nattigheid op winderige rivierwalle groei. Jy is regtig ongelukkig.”

“Dis vriendelik van jou om so bekommerd oor my te wees,” antwoord die riet, “maar dis nie nodig nie. Ek buig maklik, ja, maar ek breek nooit nie. Tot nou toe het nie een van jou takke nog gebreek nie. Wag maar, ons sal sien wat gebeur.” Terwyl die riet nog besig was om te praat, steek daar skielik ‘n vreeslike storm op.

Die wind brul en blaas. Die eikeboom staan sterk, die riet buig dubbeld. Die wind waai sterker en sterker. So sterk waai die wind dat die eikeboom se dik stam begin kraak. Toe val die magtige eikeboom om.

Mense is baie keer soos eikebome. Hulle koppe is in die wolke, maar hulle voete is geplant in die land van die dooies.



**Antwoord die volgende vrae in vol sinne:**

1. Noem twee verskille tussen die eikeboom en die riet.

---

---

2. Waar groei riete die beste?

---

---

3. Wat beteken dit om jaloers (*jealous*) te wees op iemand?

---

---

4. Dink jy die riet was jaloers op die eikeboom, of was die eikeboom jaloers op die riet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

---

---

5. As jy tussen 'n eikeboom en 'n riet moes kies, wie sou jy kies om te wees? Motiveer (*Motivate*) jou antwoord.

---

---

---

6. Beskryf hoe sterk die storm was deur woorde uit die leesstuk aan te haal.

---

---

7. Wat beteken dit as "jou voete in die land van die dooies geplant is?"

---

---

**MEMO:**

1. Noem twee verskille tussen die eikeboom en die riet.

Die eikeboom het 'n dik stam en is so groot soos 'n berg. Die riet is baie dun en kan maklik buig as die wind waai.

2. Waar groei riete die beste?

Riete groei die beste in die nattigheid op winderige rivierwalle.

3. Wat beteken dit om jaloers te wees op iemand?

Byvoorbeeld: Dit is om kwaad of hartseer te wees wanneer iemand iets het wat jy ook wil hê.

4. Dink jy die riet was jaloers op die eikeboom, of was die eikeboom jaloers op die riet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die riet was nie jaloers op die eikeboom nie, want die riet was baie gelukkig in die nattigheid op die rivierwalle. Die eikeboom was dalk jaloers op die riet omdat hy nie saam met die wind in die storm kon buig nie.

5. As jy tussen 'n eikeboom en 'n riet moes kies, wie sou jy kies om te wees? Motiveer jou antwoord.

Byvoorbeeld: Ek sou kies om 'n eikeboom te wees, wat kan plek maak vir voëltjies en akkers vir die eekhorinkies kan gee. **OF** Ek sou kies om 'n riet te wees wat altyd in die nattigheid geplant is naby water.

6. Beskryf hoe sterk die storm was deur woorde uit die leesstuk aan te haal.

“Die wind brul en blaas...die wind waai sterker en sterker”

7. Wat beteken dit as “jou voete in die land van die dooies geplant is?”

Byvoorbeeld: 'n Mens wat hoogmoedig is en te veel van homself of haarself dink se kop is in die lug, maar hy of sy leef nie 'n goeie lewe nie. Iemand wat eintlik in 'n droomwêreld leef en nie in die werklikheid nie.